PROF. DR. J. H. BAVINCK: *Inleiding in de Zendingswetenschap*, J. H. Kok N.V., Kampen, 1954, 306 blz., f 10.25.

Vir wie „Zending in een Wereld in Nood" van DR. BAVINCK van 1948 bekend is, sal dadelik opval die ooreenkoms met hierdie nuwe werk van 1954. Eintlik was die werk van 1948 al 'n werk meer oor sendingswetenskap as oor sending, hoewel dit minder 'n eenheid uitmaak en meer 'n mededeling van sekere sendingsfeite en sendingsprobleme is as 'n sistematiese antwoord op die vraag: wat onder sendingswetenskap as 'n teologiese vak verstaan moet word?

In hierdie jongste werk, wat as studieboek gesien moet word, is die sake en probleme veel beter georden om 'n sistematiese geheel uit te maak. Dis seker een van die jongste boeke oor sendingswetenskap in die protestantse teologie en nie net juis daarom nie, maar om sy inhoud en samestelling een van die beste wat 'n student in hierdie jong teologiese vak in die hand kan neem. Daarom kan ons hierdie werk by alle teologiese studente en almal wat belangstel in die sending van harte aanbeveel.

Vooraf gaan 'n korte en duidelike inleiding tot die vak waarin ondermeer ook oor die ensiklopediese plek daarvan gespreek word. Daarna gaan die skrywer oor tot 'n drieledige behandeling van sy onderwerp nl. die Teorie van die sending, die Elenktiek, waaronder bedoel word die bespreking van die vraag na die verhouding tot die nie-Christelike godsdienste en dan die Sendingsgeskiedenis.

Die inhoud wys duidelik dat die hoofskottel eintlik die sendingsteorie is. Dis die gedeelte waarin oor allerlei prinsipiële vrae in verband met die sendingsaktiwiteit besin word. Selfs wat hier „Elenktiek" genoem word, kom ons voor maar net 'n verdere vraag vir die sendingsteorie of sendingsleer te wees. Oor die derde deel het die skrywer nie besonder veel te sê nie nl. die Sendingsgeskiedenis. Wat hy gee is 'n paar prinsipiële opmerkings oor die betekenis, plek en taak van die sendingsgeskiedenis.

Dit is o.i. wel nodig om in 'n studieboek oor sendingswetenskap nie alleen oor die betekenis van die sendingsgeskiedenis te spreek nie, maar ook plek in te ruim, al is dit slegs in breë trekke, vir die geskiedenis van die moderne sendingsaktiwiteit. Die sendingsgeskiedenis van die moderne tyd kan natuurlik ook onder kerkgeskiedenis behandel word, maar gebeur dit? en sal die sendingsgeskiedenis nie beter tot sy reg kom nie as dit as 'n selfstandige onderdeel van die sendingswetenskap gedoseer word? Dan is daar nog die vraag: of die vraag na die houding van die sendingsarbeid teenoor die nie-Christelike godsdienste en wat deur DR. BAVINCK onder „Elenktiek" bespreek word, nie beter onder die sendingsleer moet val nie en verder vervang moet word deur 'n gedeelte wat meer handel oor die metode

en ander praktiese vrae in verband met die uitvoering van die sendingsopdrag.

In die inleidende gedeelte mis ons ook nog 'n korte geskiedenis van die sendingswetenskap as vak. Dis wel waar dat een en ander gesê word oor hoe die vak ontstaan het, maar 'n enigsins volledige weergawe van die grondlegging en beoefening van hierdie tak van die teologiese wetenskap, is dit nie.

H. P. WOLMARANS.